

## Die staatkundige uitdagings van ons tyd: Hoe noodsaaklik en haalbaar is Afrikanereenheid om die impak van die NDR die hoof te bied?

Flip Buys

---

### Inleiding

Dit is vandag duidelik dat die ANC tydens die Kodesa-onderhandelings tydelike toegewings gemaak om die politieke mag te kry en dat hulle, noudat die magbalans verskuif het, daardie mag gebruik om hulle oorspronklike doelstellings te verwesenlik. Hierdie doelstellings van die ANC het twee oorhoofse bene: 'n politiek-kulturele been en 'n ekonomiese been. Die politiek-kulturele doelwit is dié van **inlywing**, met ander woorde, om ander partye, burgerlike organisasies, minderhede en gemeenskappe by die ANC as wesenlik Afrikanistiese organisasie in te lyf, en om hulle deur die staatsideologie van transformasie en nasiebou so te sê in die meerderheid 'op te los'. Dit is hulle siening van nasionale eenheid, soos dit onlangs weer op die regeringsberaad oor nasionale samehörigheid duidelik geword het. Hierdie ideologie laat nie ruimte vir die vrye uitlewing van kulturele identiteite nie, omdat dit ervaar word as bedreigend vir die oorheersing van die ANC en hulle vertolking van nasionale eenheid.

Die tweede doelwit is dié van ekonomiese **gelykmaking** deur 'n proses van herverdeling deur middel van 'n wye reeks wette wat daarop ingestel is om welvaart proporsioneel volgens elke bevolkingsgroep se getalverhouding te verdeel. Die beginpunt van hierdie proses was die instelling van 'n welsynstelsel wat deur die herverdelende belastingstelsel gefinansier word. Dit is gevolg deur 'n netwerk van BEE-wetgewing en sektorale kodes, en talle ander maatreëls soos regstellende aksie. Dit is nouliks nodig om te noem dat met gelykmaking die ANC nie gelyke geleenthede, oftewel 'n gelyke wêgsporing, bedoel nie, maar gelyke uitkomst, oftewel gelyk by die wenpaal. Die ideologiese oorsprong van die ANC se gelykmakingsbeleid is Karl Marx se resep dat rewolusionêres eers die politieke mag in die hande moet kry en dit dan moet gebruik om die ekonomiese mag te bekom. Marx het verder gesê dat dit vanselfsprekend nie kan gebeur sonder om despotiese inbreuk te maak op eiendomsreg nie. Natuurlik doen die ANC dit veel meer gesofistikeerd as in Marx se tyd en hulle regverdig hulle optrede met 'n dik roomsous van demokrasie, wetgewing, politieke propaganda en die kriminalisering van die Afrikanergeskiedenis.

Die gesamentlike uitwerking van hierdie gelyklopende prosesse van inlywing en gelykmaking is dat die burgers van hierdie land se vryheid stelselmatig en planmatig deur die staat weggekalwe word. Dit gebeur ten spyte van ons veelgeroemde Grondwet en demokrasie, en selfs in die naam en met behulp daarvan. Ons leer nou dat demokrasie en vryheid nie noodwendig dieselfde ding is nie en dat dit in uiterste gevalle selfs die teenoorgestelde kan wees. Die staat se rol in die samelewing word al groter, maar die individu, die gemeenskap en die privaat sektor se vryheid krimp daarmee saam al kleiner.

In die praktyk is die grondwetlike vryhede van taal- en kultuurgemeenskappe al so verskraal dat ons lankal nie aan die internasionale standaarde vir kulturele vryheid voldoen nie. Daarmee saamwerk verskeie grondwetlike instellings wat veronderstel is om die demokrasie en vryheid van die burgers te bewaak, eerder saam met die staat teen ons vryheid. Niemand noem meer die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad in ernstige geselskap nie, terwyl die Kommissie vir die Bevordering van die Regte van Mense wat aan Taal- Kultuur of Godsdienstige Gemeenskappe behoort, lankal 'n swak grap is. Onder die dekmantel en dwangbuis van die staatsideologie van transformasie, word ons vryheid op die meeste gebiede ernstig beperk in lyn met staatsvoorskrifte. Die ANC is lief daarvoor om vir Karl Marx aan te haal waar hy sê dat politieke gelykheid (demokrasie) betekenisloos is sonder ekonomiese gelykheid (sosialisme). Maar kan ons nie met soveel meer reg sê dat politieke vryheid betekenisloos is sonder kulturele vryheid nie?

Die oorsprong van die aanval op ons vryheid is die ANC se historiese linkse siening van die demokrasie, waarvolgens die meerderheid oor alles en almal besluit. Soos president Zuma onlangs gesê het, het die meerderheid in 'n demokrasie mos meer regte as die minderheid! In die praktyk is dus net die meerderheid in 'n demokrasie vry, wat volgens die politieke wetenskaplike Donald Horowitz op strukturele oorheersing neerkom. Maar die belangrikste rede vir die aanslag op ons vryheid lê in die sosialistiese wortels van die ANC.

Oudregter Jan Steyn het betekenissvol gesê dat dit nie moontlik is om net sekere dele van die Sosialisme te aanvaar, sonder om terselfdertyd daardie ideologie se outoritêre politieke strukture en die gepaardgaande perke op persoonlike vryhede daarmee saam te kry nie. Daar is tog 'n onbreekbare band tussen alle soorte vryheid, wat alles verlore kan gaan as die staat se rol in die samelewing te oorheersend raak. Soos die Nobelprysekonoom Milton Friedman gesê het: 'n samelewing wat gelykheid – in die sin van 'n gelyke uitkoms – hoër ag as vryheid, sal sonder een van die twee eindig.

Die ANC se bloudruk vir hulle program van politiek-kulturele inlywing en ekonomiese gelykmaking is natuurlik vervat in hulle beleid oor die National Democratic Revolution, wat natuurlik 'n onmoontlike botsende begrip vir enige demokrat is. Die vraag is hoe die uitdaging waarvoor ons met die NDR te staan kom, die hoof gebied kan word en meer bepaald, watter rol groter Afrikanereenheid daarin kan speel.

### **Afrikaneridentiteit**

Die eerste vraag wat ons moet beantwoord, is of ons hoegenaamd nog as Afrikaners op hierdie linkse uitdagings moet reageer en of ons nie eerder, soos die liberales wil hê, bloot as individue of as burgers in die algemeen moet saamstaan nie.

Dit is so dat daar 'n groot aantal algemene bedreigings vir die land is en dat daar inderdaad ruimte en selfs 'n noodsaak is om hierdie kwessies gesamentlik te beveg, ongeag 'n mens se kultuurverband. Kom ons dink maar aan die gedeelde grondliggende belange wat ons as Suid-Afrikaners almal raak, soos die oppergesag van die reg, die markonomie, eiendomsreg, die beskerming van die omgewing, die aanslag op ons almal se persoonlike vryheid, geweldsmisdad, die verswakkende infrastruktuur, mediavryheid en 'n werkende staat. Dit is belangrik dat ons op gebiede soos hierdie wat alle landsburgers raak, met almal wat wil saamwerk moet saamstaan terwille van ons almal se toekoms. Met hierdie algemene belange wat talle Suid-Afrikaners oor taal-, kultuur-, ras- of politieke grense deel, sal 'n gesamentlike strategie waarskynlik beter werk as om dit op ons eie aan te pak. Ons moet en wil graag saamwerk met ander oor gedeelde sake, solank die prys van samewerking nie te hoog gemaak word nie, met ander woorde, solank dit nie van ons verwag word om ons Afrikanerbestaan en -belange in die proses op te offer nie. Veelvoudige identiteite is mos 'n aanvaarde en wêreldwye verskynsel, wat nie wêersyds uitsluitend hoef te wees nie.

Die saak is nie so eenvoudig soos liberales dit wil maak nie. Ja, dit is so dat sekere knellende nasionale vraagstukke algemeen is en gesamentlik aangepak kan word. Maar dit is ook so dat ons as Afrikaners voor belangrike bestaansvraagstukke te staan kom – vraagstukke wat ons as groep en ons as gemeenskap raak, en wat ons as Afrikaners moet aanpak. Dit is 'n werklikheid wat nie weggedroom kan word nie.

Dit is grondliggende bestaansvraagstukke soos die volgende:

- Ons lewens en ons veiligheid waar ons as Afrikaners bedreig word, bv. "Kill the Boer" en die plaasmoordvraagstuk;

- waar ons grond en ons eiendom as groep bedreig word, omdat grondhervorming op 'n rassegrondslag plaasvind;
- ons Westerse lewenswyse en die beliggaming van ons godsdienstige en kulturele waardes in ons gemeenskaps- en openbare instellings;
- ons lewenstandaard en lewensgehalte wat as groep geraak word deur rassewetgewing;
- staatsondersteuning vir Afrikanerinstellings wat met groot opoffering opgebou is, soos ons skole en universiteite;
- ons reg om self besluite te neem oor sake wat ons as kultuurgroep raak, met ander woorde ons kulturele vryheid;
- gelyke geleenthede in die werkplek en in besigheid;
- billike waarde vir ons swaarverdiende belastinggeld om bv. ons taal, onderwys en media finansiëel te steun;
- respek vir ons geskiedenis en ons erfenisse;
- 'n vrye ekonomie en gelyke ekonomiese geleenthede, ongeag ons ras;
- Eerstewêrelddienste waarvoor ons belasting betaal;
- die beskerming van 'n Afrikanergemeenskapslewe; en
- die kans op 'n blywend vrye, veilige en voorspoedige toekoms vir ons as Afrikaners.

In kort gaan dit oor ons reg op voortbestaan as 'n erkende gemeenskap, met die reg en vryheid om ons kultuurgoedere na die volgende geslagte oor te dra, in die besonder deur instellings wat deur ons as gemeenskap self bestuur word. Dit sal inhoud gee aan ons reg op bestaan en teen vernietiging deur programme en strategieë van gedwonge inlywing by die meerderheid.

Liberales ontken die bestaan van Afrikaners, omdat hulle net in individuele regte glo en omdat groepe kwansuis nie gedefinieer kan word nie. Hulle vergeet dat Ben Gurion gesê het dat 'n volk nie gedefinieer hoef te word om te bestaan nie. "Ons is al Jode sonder definisie vir 3 000 jaar," het hy gesê, "en elkeen weet of hy 'n Jood is of nie, en almal weet dat daar Jode is".

Baie liberale stelsels het al in Afrika misluk, juis omdat die liberale ideologie die grondvraagstuk in multi-etniese samelewings, naamlik die verhouding tussen groepe, probeer ignoreer. Die oorsaak van die liberale mislukkinge word goed deur die Amerikaanse staatsman Henry Kissinger saamgevat, met sy stelling dat "die demokrasie in die Weste ontwikkel het uit homogene samelewings. Daar was nie institusionele versperrings vir 'n minderheid om 'n meerderheid te word nie. In die Weste is verkiesingsneerlae gesien as 'n tydelike terugslag wat weer omgekeer kan word. Maar in multi-etniese lande beteken minderheidstatus gereeld permanente diskriminasie en die risiko van politieke uitsterwing."

Die werklikheid is dat ons as Afrikaners 'n ongewilde minderheid in die land van ons geboorte is, dat daar sekere gedeelde vraagstukke is wat ons gesamentlik moet aanspreek met ander groepe, maar dat daar ook sekere bestaansvraagstukke is wat ons as Afrikaners

raak en w at ons as Afrikaners moet aanspreek. Die doel hiervan is nie om ander uit te sluit nie, maar om seker te maak dat Afrikaners ook ingesluit en deel van die toekoms is. Natuurlik sal dit soveel beter en makliker wees as daar Afrikanereenheid is.

### **Hoekom is daar nie Afrikanereenheid nie?**

My siening is dat die gebrek aan Afrikanereenheid nie die oorsaak van ons probleem is nie, maar die gevolg van ons probleem as staatlose minderheid. Bepaalde redes hiervoor is:

- twyfel oor Afrikaneridentiteit as gevolg van individualisme, propaganda of politieke ontkoppeling;
- die verbrekking van eertydse Afrikanernasionalisme ná suksesvolle modernisering (Eerstewêreldstatus) en die koms van die nuwe bedeling;
- die afwesigheid van 'n samebindende toekomsideaal;
- post-'94-onttrekking van Afrikaners uit Afrikanerinstellings weens 'n veranderde speelveld (meerderheidstelsel) en vertrouensbreuk tussen Afrikaners en hulle leiers en instellings;
- 'n gebrek aan groot Afrikanerinstellings met groot steun waarmee 'n eenheid gevorm kan word;
- die transformering van Afrikanerinstellings in Suid-Afrikaanse instellings;
- die gebrek aan 'n oorkoepelende Afrikanervisie, -strategie en -struktuur; en
- die ongeloofwaardigheid en ondeurdagte planne van mikro-organisasies, w at die Afrikaner se geldige strewes politieke vergiftig en diskrediteer.

Dit is belangrik dat Afrikanereenheid nie as 'n kitsoplossing vir ons probleme gesien word nie. Daar was in die verlede al genoegsame politieke, kulturele, militêre, strukturele en selfs geloofseenheid, w at ook op niks blywendes uitgeloop het nie. Daar is redes hiervoor, soos dat ons bestaansvraagstukke te diep lê om deur rigtinglose saamstaan opgelos te kan word. Die hoofprobleem is myns insiens dat die kernoorsake van ons probleme nie hard en reguit genoeg in die oë gekyk en aangepak word nie. Ek wil ons as Afrikaners se grondliggende probleem soos volg opsom:

*Die Afrikaner het nie 'n duidelik omliggende gebied wat hoofsaaklik deur homself bewoon en bewerk word met meerderheidsteun vir volle selfbeskikking nie. Sy verspreidheid oor die ganse Suid-Afrika en die gepaardgaande vervlegtheid met die SA ekonomie en die afhanklikheid van nie-Afrikanerarbeid wat ook sy ondergang as staatkundige moondheid teweeg gebring het, maak die herstel van sy vryheid nog steeds uiters moeilik. Ons is 'n krimpende en ongewilde minderheid wat struktureel oorheers en uitgesluit word en al meer die teiken word van 'n onvriendelike meerderheid en 'n vervalende staat wat demoderniseer en Afrikaniseer.*

As ons nie hierdie probleem reg begryp en dit strategies verreken en daarvoor beplan nie, gaan nie 'n eenheidstrategie of enige iets anders ons vorentoe vat nie. Dan skuif ons net weer die dekstoele op die Titanic rond.

### **Voorvereistes vir eenheid**

- 'n Geloofwaardige en werkbare toekomsplan w at ons grondprobleem verreken.
- Wesenlike steun vir daardie toekomsplan, en aanvaarding by 80% van Afrikaners.
- Sterk en suksesvolle instellings om daardie plan in werking te stel, ongeag die politieke omstandighede. (Ons moenie net wil nie, ons moet kan!)
- 'n Besef dat die skepping van 'n praktiese werklikheid politieke erkenning voorafgaan, omdat daar tans geen kans van politieke ooreenkomste is nie.

- 'n Plan wat voorsiening maak vir Afrikanereenheid en nie net vir regse eenheid nie. ('n Volk het die reg op selfbeskikking, nie 'n politieke groep nie.)
- Planne om ons toekomsideale in die werklikheid te verwirklik, en nie om na die verlede te probeer terugkeer nie. Slagspreuke en kragdadige toesprake is nie 'n plaasvervanger vir werkbare planne en goed bestuurde Afrikanerinstellings nie.
- Groeiende samewerking tussen geloofwaardige Afrikanerinstellings met bewese steun, kan tot groeiende selfstandigheid lei, wat uiteindelik politieke erkenning word en so selfbeskikking sal daarstel. Eenheid is nie om splintergroepies net saam te snoer nie.
- Vordering is belangriker as verlamende eenheid. (Eenheid vir 'n doel!)

### **Afsluiting**

- Die werklikheid is aan ons kant: die ANC-beleid kan nie werk nie.
- Eenheid is as 80% van Afrikaners betrek word by geloofwaardige planne en organisasies; studies wys dit is moontlik.
- Die wesenlike ondersteuning van groot getalle Afrikaners (volkseenheid) is belangriker as strukturele eenheid tussen onverteenvoordigende organisasies (organisatoriese eenheid).
- Ons weeg swaarder as wat ons tel: 'n burgerlike in plaas van politieke strategie vir eenheid en vordering.
- Doelgerigte eenheid sal mettertyd tot stand kom.
- Swart tuislandboere teenoor Afrikanerboere!